Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

TORAH (WET) EN GENADE

LES 10: PAULUS SE VERMANING AAN TIMOTHEÜS.

Nota: In hierdie studie word die ware Name van die Vader en Messias (Die Gesalfde Een) gebruik, naamlik:

- **YHVH** (die HERE; In Hebreeus יהוה en getranslitereer as YHVH en uitgespreek as Yahuah), en
- **Yeshua Messias** (Jesus Christus).

INLEIDING:

1. In Psalm 119 beskryf Dawid die heerlikheid van God se Woord. Ons lees onder andere in verse 17 tot 22 die volgende:

   *Doen goed aan u kneg, sodat ek kan lewe; dan wil ek u **woord** bewaar. Open my oë, dat ek kan sien die wonders uit u **wet**. Ek is 'n vreemdeling op die aarde; verberg u **gebooie** nie vir my nie. My siel vergaan van verlange na u **verordeninge** altyddeur. U dreig die vermeteles as gevloektes wat van u **gebooie** afdwaal. Wentel smaad en veragting van my af, want u **getuienisse** het ek bewaar. Al sit vorste en beraadslaag teen my—u kneg oordink u **insettinge**.*

2. Dawid se hartsbegeerte is om YHVH se woord te *sh'mar* [bewaar, sorgvuldig te hou – verwys Les 6 (deel 3), bladsy 3 en 4]. Hierdie woord bevat YHVH se wet, gebooie, verordeninge, getuienisse en insettinge. Dit is omvattend van al die onderrig, instruksies en wysheid van YHVH, naamlik Torah. Die hele Psalm 119 is die hartsverlange van koning Dawid om volgens Torah (YHVH se Woord) in alles gehoorsaam te wees. Dit is 'n lofpsalm en liefdeslied van die vreugde en seëninge van YHVH se wet, gebooie, verordeninge, getuienisse en insettinge. Soos Dawid sê Paulus ook: *Ek verlustig my in die wet (Torah) van God* (Rom. 7:22).

3. Sing jou hart dieselfde lied as Dawid en kan jy saam met Paulus getuig? Verstaan en besef jy dat die hele Afgesonderde (Heilige) Skrif deur Vader-God gegee is om die lamp vir jou voet en die lig op jou pad te wees (Ps.119:105)? Alles in die Afgesonderde Skrif is vir ons gegee as 'n handleiding vir ons woestyntog om uiteindelik die beloofde land in besit te neem. Hierdie handleiding is Torah.

DIE HELE SKRIF: 2 Tim. 3:16 en 17

1. Paulus skryf aan Timotheus en vermaan hom soos volg: *Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Yeshua Messias* (2 Tim. 3:14 en 15) *.* Van wie het Timotheüs geleer en wat het hy geleer? Hy is deur sy ouma, Loïs en sy moeder, Eunice, geleer (2 Tim. 1:5) en later deur Paulus self (2 Tim. 1:13). Wat het hulle vir Timotheüs geleer? **Hulle het hom Torah geleer**, want dit was die basis van alle onderrig vir daardie tyd. Daar was geen ander Skrifte nie as net die Skrifte van die ou verbond.

2. Dit wat Timotheüs geleer het is wysheid tot saligheid deur geloof in Messias, naamlik die redding en bevryding van die gees, siel en liggaam (2 Tim. 3:15). **Hy was goed onderrig in die wysheid van Torah** en dat dit 'n afbeelding van (heenwysing na) die Messias is – die genade van YHVH en die Een deur wie ons saligheid kan verkry.

3. Paulus gaan met sy vermaning voort en herinner Timotheüs daaraan dat:

   Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. 2 Tim. 3:16 en 17.

   Paulus herinner Timotheüs dus daaraan dat alles in Torah (die basis van alle onderrig) deur YHVH, die Here, geïnspireer is. Dan verduidelik Paulus wat die doel van Torah is, naamlik:

   - **Om ons in die waarheid te onderrig.** Torah is YHVH se Woord en is die waarheid. Ons word deur hierdie waarheid onderrig. In Joh. 17:17 bid Yeshua dat elke volgeling in hierdie waarheid geheilig sal word. Hierdie Skrif in die *Amplified Bible* lees soos volg:

     Sanctify them – purify, consecrate, separate them for Yourself, make them holy – by the truth.

     Die waarheid, en spesifiek die begrip (kennis) en die toepassing van die waarheid in Torah, maak jou 'n uitgeroepene (*set-apart*) – 'n

uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n afgesonderde (heilige) volk (1 Pet. 2:9). Torah is die kennis wat ons vry maak om die wil van die Vader te doen (Joh. 8:32). Ware vryheid is nie om te doen wat jy wil doen nie, maar om alles te doen wat Vader-God wil hê jy moet doen. Om Torah nougeset toe te pas (*sh'ma en sh'mar* – hoor en doen) bring vryheid en die Vader se seëninge. YHVH is 'n waarmaker van Sy Woord (Jes. 55:10 en 11). Hy is nie 'n leuenaar nie – dit wat Hy belowe sal Hy ook doen (Num. 23:19). Al wat dit vereis is gehoorsaamheid.

- **Om dwaling te bestry en verkeerdhede reg te stel.** Dit voorkom misleiding en openbaar sonde. Dit is 'n profetiese woord wat vas is en waarop ons ag moet gee soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn (2 Pet, 1:19 tot 21). Torah is YHVH se skietlood (Amos 7:7 en 8) waaraan ons alles moet meet – gedagtes, woorde en dade. Dit is lewend, kragtig en 'n tweesnydende swaard wat alles blootlê sodat niks weggesteek kan word nie (Heb. 4:12). Torah is die woord wat diegene wat die leringe van Yeshua verwerp, sal oordeel (Joh. 12:47 en 48):

  Any one who rejects me and persistently sets Me at naught, refusing to accept my teachings, has his judge [however]; for the [very] message I have spoken will itself judge and convict him on the last day (John. 12:48 – Amplified Bible)

- **Om 'n regte lewenswyse te kweek:** Torah onderrig ons in 'n lewenswyse van geregtigheid, naamlik om daagliks ten opsigte van alles te leef as iemand wat deur geloof geregverdig is (2 Kor. 5:17 en 21; 1 Joh. 3:7). Dit onderrig ons dus in 'n leefwyse van heiligheid (1 Pet. 1:15 en 16; 1 Pet. 2:9) en volmaaktheid (Matt. 5:48; Kol.1:28; Jak. 1:4; Jak. 3:2). Elkeen moet in gedagtes, woorde en dade gelykvormig aan Yeshua Messias, naamlik Torah, word (Rom. 8:29; Rom. 12:2).

- **Volledig toe te rus vir elke goeie werk.** Torah onderrig ons sodat ons bedrewe (bekwaam) en volkome toegrus kan wees ten opsigte van ons aardse lewe. Deur Torah te hoor en te doen, luister ons na die stem van die groot Herder wat in ons werk om volmaak in elke goeie werk te word sodat ons slegs die dinge doen wat welbehaaglik voor YHVH is (Heb. 13:20 en 21). Dan word ons geloof deur ons werke bevestig en word ons geloof volkome (Jak. 2:14, 17, 22 en 24).

4. Paulus herinner ook vir Timotheüs aan die volgende:

Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny (2 Tim. 2:15).

Hierdie is ook die opdrag vir elke gelowige:

- Studeer en bestudeer, wees toegewyd, beywer jou sodat jy bewys kan lewer dat jy voorbereid en toegerus is vir elke goeie werk.

- Jy moet bewys kan lewer wanneer jy in situasies getoets word. Jy moet bewys lewer dat jy 'n werker is wat nie skaam hoef te kry omrede jy nie God se Woord (Torah) ken nie.

- Dit beteken dat jy in elke situasie wat jy jou ooit mag bevind presies moet weet wat YHVH se Woord aangaande daardie situasie sê sodat jy daarvolgens kan optree en dit kan verduidelik.

5. Die Woord van God is die basis van ons kennis van YHVH en derhalwe die basis van ons verhouding met Hom, asook die basis van ons geloof in Hom. Hoe beter ons die woorde van Vader God ken, hoe beter verstaan ons die Vaderhart en hoe beter en intiemer is ons verhouding met Hom. Die resultaat hiervan is groter geloof in Hom.

6. Torah is soos `n diamantmyn vol kosbare diamante. Ons is die delwers. Ons besluit hoeveel moeite ons gaan doen om die geestelike diamante te delf. Die Gees van YHVH help ons om hierdie kosbare geestelike diamante te ontgin en te slyp sodat ons lewe en oorvloed in Yeshua Messias kan hê.

ABRAHAM EN TORAH

1. Abraham is deur geloof geregverdig (Rom. 10:4; Gal. 3:6; Jak. 2:23). Ons word ook alleenlik deur geloof geregverdig (Rom. 5:1). Daarom verklaar die Skrif dat ons wat uit die geloof is, is kinders van Abraham (Gal. 3:7) en het deel aan die seëninge wat Abraham ontvang het (Gal. 3:9, 16 en 29).

2. Aangesien Abraham dan die vader van al die gelowiges is, is die vraag of hy Torah onderhou het? Indien wel, dan behoort ons as gelowiges sy voorbeeld te volg. Ons lees in Gen. 26:4 en 5 die volgende:

En Ek sal jou (Isak) nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word; omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het.

3. Hiervolgens is dit duidelik dat Isak en sy nageslag geseën sal word omrede Abraham na YHVH se stem geluister het om al Sy *ordeninge, gebooie, insettinge en wette* te onderhou. (Die woord *wette* is die vertaling van Torah). Abraham het dus volgens Torah geleef. Hy is dus deur geloof geregverdig, maar is geseën omrede hy volgens Torah geleef het.

4. Hierdie beginsel geld steeds vandag: Ons word deur geloof in Yeshua as die Messias geregverdig verklaar, maar ontvang al die seëninge van die Vader indien ons Torah nougeset toepas.

5. Niemand word deur Torah geregverdig nie, maar niemand kan sonder Torah geseën word nie. Geloof sonder Torah is dooie (nuttelose) geloof. Soos Timotheüs moet ons elkeen ook in Torah onderrig word en moet ons leer hoe om dit in konteks van die nuwe verbond, naamlik die verbeterde ou verbond, toe te pas.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Hebreeuse spreek: *Die woorde van Torah op sy plek is arm, maar elders is dit rykdom.* Die betekenis hiervan is die volgende: Elke geskrewe woord van Torah is op 'n spesifieke plek met 'n spesifieke doel geskryf en het 'n spesifieke betekenis. Dit opsigself is nie rykdom nie, maar wanneer daardie woord verstaan, geglo en toegepas word, bring dit rykdom (oorvloed – gees, siel en liggaam).

2. Torah is die voorskrifte van die Vader vir ons welsyn.

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.